1. REGISTRASIEDATUMS VIR 2020

Registrasiedatums vir 2020 sal voor die einde van die jaar in ’n afsonderlike kennisgewing deur die Registrateursafdeling gekommunikeer word.

2. VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN STUDIE-EN INWONINGSGELDE VIR 2020:

Die volgende bedrae is betaalbaar voor bogenoemde registrasiedatums:

VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN STUDIEGELD	
Voorgraads	**R13 931**
Nagraads	**R10 159**
Diploma/Sertifikaat	**R10 159**
VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN INWONINGSGELD	**R13 600**
VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VIR STUDENT IN KOSHUIS (Totale bedrag)	
Voorgraadse student in koshuis (R13 931 + R13 600)	**R27 531**
Nagraadse student in koshuis (R10 159 + R13 600)	**R23 759**

Geen afsonderlike studenterekening sal tydens registrasie versprei word wat die bogenoemde bedrae weerspieël nie. Die bedrae word outomaties betaalbaar sodra die student aanlyn of fisies by die universiteit registreer.

KONTANTLOSE BETALINGS

Die Universiteit Stellenbosch (US) migreer na 'n kontantlose omgewing vir betalings op sy kampusse, sodat studente en ouers nie meer kontant met hulle hoef te dra vir sekere betalings nie. Gebruik die volgende betalingsoplossings vir die betaling van alle studentegelde en dienste:

AANLYN BETALINGS (EFT OF KREDIETKAART) OP DIE US SE webtuiste

Aanlyn betalings is moontlik op die afdeling Studentegelde se webblad by:

1. www.maties.com
2. Klik op “Gelde”.
3. Kies “Aanlyn betaling van studentegelde”.
4. Volg die instruksies en betaal by wyse van ’n kredietkaart of “EFT” (elektroniese gelde-oordrag).

SNAPSCAN

SnapScan is ’n mobiele applikasie waarmee jy kontantlose betalings kan maak. Studente sal twee SnapScan binne-toep betalings kan gebruik, naamlik vir rekeningbetalings van studentegelde, asook voorafbetaalde dienste soos drukkrediete, was en etes.

Voordeel van aanlyn betalings: **Die kwitansie word onmiddellik verwerk, gevolglik is daar geen vertraging gedurende die registrasietydperk met die betaling van die verpligte eerste paaiement(e) nie, en ook nie later met die bekendmaking van eksamenuitslae nie**.*

3. GEEN UITSTAANDE SKULD MET REGISTRASIE NIE

Neem asb kennis dat alle agterstallige bedrae vereffen moet wees voordat 'n student vir 2020 mag registreer.

Let asb daarop dat die Universiteit ongelukkig nie enige afbetalingsooreenkoms aangaande uitstaande skuld sluit nie.

4. BETALINGSTERME VAN STUDENTEREKENINGE

Studenterekeninge kan binne die volgende twee betalingsterme vereffen word:

Opsie 1: Betaling in drie paaiemente

MET REGISTRASIE	Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld
31 MEI	Minstens 75% van die restant van u totale rekening nadat die gelde wat u reeds teen die registrasiedatum betaal het, afgetrek is.
30 SEPTEMBER	Die uitstaande balans op u studentegelderekening.

Opsie 2: Debietorder wat bestaan uit die volgende paaiemente:

MET REGISTRASIE	Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld
1 APRIL TOT EN MET 1 NOVEMBER	'n Verdere agt paaiemente is op die eerste dag van die maand per debietorder betaalbaar.

Aansoek vir debietorder-opsie sluit 8 Maart en die nodige vorms is verkrygbaar op die Web by http://www.maties.com/tuis.html verkrygbaar onder "Gelde", "Betalingsopsies" of by seand@sun.ac.za . Aansoeke na 8 Maart sal oorweeg word onderhewig aan 'n voorafbetaling van die minimum debietorderbetalings wat betaalbaar sou wees sedert 1 April.

Indien die volle studenterekening van Suid-Afrikaanse studente voor 31 Maart vereffen word, kan daar aansoek gedoen word vir 'n 3% korting op die onderriggeld komponent (onderhewig aan voorwaardes soos uiteengesit in die *Jaarboek*). Die nodige vorms is verkrygbaar op die Web by http://www.maties.com/tuis.html verkrygbaar onder "Gelde", "Betalingsopsies" of by studentegelde@sun.ac.za

Internasionale studente, insluitend nie-residensiële Internasionale studente, en Namibiërs, moet hul volle onderriggelde op die dag van registrasie vereffen.

5. AKTIVERING VAN STUDENTEKAART VIR 2020

Studentekaarte kan slegs vir 2020 uitgereik/geaktiveer word indien die volle 2019-studenterekening vereffen is en die eerste verpligte paaiement van studie- en inwoningsgeld op die rekening reflekteer.

Blokke sal slegs gelig word vir die aktivering van 'n studentekaart indien die volle 2019-rekening vereffen is en die student bewys van die volgende kan lewer:

1. 'n Eksterne beurs (nie US) wat op die briefhoof van die befondser aandui dat die befondser die eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgelde sal betaal. US-beursstudente hoef nie 'n bewys te lewer nie - hul kan direk ná registrasie hul kaarte aktiveer.

2. 'n Amptelike bewys van 'n polis wat nog in die akademiese jaar uitbetaal gaan word en wat voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek.

3. 'n Lening (soos Banklening, Fundi of Helpmekaar-studiefonds) waarvan die leningsbedrag voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek, asook 'n aanduiding van die datum wanneer dit inbetaal sal

word.

4. Indien ’n student se beurs, polis of lening nie die volle eerste verpligte betaling kan dek nie en die student kan bewys lewer dat hul aansoek vir ’n studentelening onsuksesvol was, kan die volgende uitstelreëling getref word, onderhewig aan die aanvaarding van die bepalings van die onderneming:

    a. Die eerste verpligte betaling (studie- en inwoningsgelde) kan in gelyke paaiemente afbetaal word tot en met 31 Maart.
    b. Die eerste paaiement van die uitstelreëling is egter onmiddellik betaalbaar. Die blok sal eers gelig word sodra die eerste paaiement in die rekening reflekteer en die volledig voltooide vorm verwerk is deur Studentegelde.
    c. Indien uitstelreëlings in Januarie getref word, beloop die paaiemente as volg:

        - Voorgraadse student **R4 644 x 3 (Januarie tot Maart)**
        - Nagraadse student **R3 387 x 3 (Januarie tot Maart)**
        - Voorgraadse koshuis- student **R9 177 x 3 (Januarie tot Maart)**
        - Nagraadse koshuis-student **R7 920 x 3 (Januarie tot Maart)**

    d. Indien uitstelreëlings in Februarie getref word beloop die paaiemente as volg:

        - Voorgraadse student **R6 966 x 2 (Februarie en Maart)**
        - Nagraadse student **R5 080 x 2 (Februarie en Maart)**
        - Voorgraadse koshuis- student **R13 766 x 2 (Februarie en Maart)**
        - Nagraadse koshuis-student **R11 880 x 2 (Februarie en Maart)**

Die uitstelreëlingsvorm is eers Januarie 2020 beskikbaar op versoek by Afdeling Studentegelde en afhanklik van goedkeuring deur die Afdeling.

6. STAKING VAN STUDIE VOOR 31 MAART

Indien ’n student se studies gestaak word voor of op 31 Maart, word alle studiegeld teruggeskryf. Koshuisstudente sal aanspreeklik bly vir die inwoningsgeld totdat die koshuisplek gevul is.

BAIE DANKIE VIR U BETALINGS IN 2019. AFDELING: STUDENTEGELDE

Kantoorure vir navrae:	Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30
Kantoorure vir betaling by kassiere:	Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30
Telefoonnommer tydens registrasie:	**021 808 9521/4783/4386/9523**
E-posadres (studentegelde):	studentegelde@sun.ac.za

NUUT Betaal nou ook vir etes & wasgoed

Betaal nou kontantloos op die US kampus!

Voorafbetaald: Herlaai jou Universiteit internet- en drukkrediete

Rekeninge: Betaal jou uitstaande studente-rekening

Maklik, veilig en verniet

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY

100 1918 · 2018

forward together · saam vorentoe · masiye phambili

Betaal jou studentegelderekeninge met SnapScan



Kies **“MORE”** en dan **“BILLS”**en soek vir **“Stellenbosch University”**



Verskaf jou studentenommer en betaal jou uitstaande studenterekening



En dit is dit!

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 100 1918 · 2018

forward together · saam vorentoe · masiye phambili